

Aloe zebrina

E: ? A: Sebra-aalwyn, Bontaalwyn D: Zebra-aloe H: otjindombo



Veral in die noordelike helfte van Namibië, langs die Okavango, in die Etosha Nasionale Park tot sover as Keetmanshoop kom hierdie alwyn voor, behalwe in die heel westelike gebiede.



In die wintermaande helder dit die grys-droë veld met spatsels van pienk tot rooi op; op grasvlaktes lyk die hele area pienk! *Aloe zebrina* is sterk en gehard gehard plant met die neiging om vinnig te versprei. Hulle verkies halfskaduwee, groei dus onder bome en bosse, maar wel ook in volle son en tussen grasse.. By ons in die Omaheke is dit al ,n verpesting; hulle trek baie water uit die grond en neem nie net al die beskikbare vog nie, maar ook die plek, waar andersins GRAS kon gestaan het.

In die reëntyd word hulle blare vet en groen met ligte spikkelstrepe (vandaar die naam *zebrina*), in die winter droog die blare van die punte af op en die kleur word vaal met lewerkleurige spikkelstrepe.



Die mense in die noordooste van Namibië benut die blomme vir voedseldoeleindes. Dit word soggens in die veld versamel (ek het vrouens gesien met 35 kg swaar sakke vol aalwynblomme op hulle koppe!), gaargekook, tot ,n taai pap gestamp en dan gedroog. Die pap word op plastiekbane in ronde eetbordgroot platterige koeke gedruk, ongeveer 3 tot 4 cm dik, en daar gelaat om in die son te droog. Dit word so drie- of vierkeer omgedraai om van albei kante gelyk droog te word; die hele droogproses vat tot ,n week. Die droë koeke word in sakke gebêre en as benodig, in stukke gebreek en by vleisgeregte, sop of sous gevoeg. Dit kan ook geweek word in water en met behulp van speserye, kruie en/of vis , (gedroog of uit blikkies), dalk ook gedroogde mopanie wurms tot ,n smaaklike pap verwerk word.



Kinders hou daarvan om die nektaar uit die bloeisels te suig. Ek het die bloeisels rou geproe; hulle smaak eintlik na "niks met 'n bietjie varsheid en 'n effense suurheid", dus nie sleg nie.

Medisinale gebruike:

- * Die Ovaherero drink 'n blaaraftreksel teen nier- en blaaskwale en om te kan waterlaat.
- * Blaarsap verlig pyn by brandwonde (het seker ook ontsmettende werking)
- * Blaarsap is ook goed teen ooginfeksies.
- * Blare fyn gekap en in brandewyn ingele word op aambeie gesit vir verligting.
- * Na geboorte gegee is, word 'n aftreksel van gedroogde en fyngemaalde stingels en blaarbasisse gedrink om die sisteem te reinig.



Foto: Anka Eichhoff

Die wortels word ook gebruik by die looi en kleur van velle, dit gee 'n mooi gelerige kleur.

Aloe zebrina is 'n seën in die winter, want dit voorsien kos aan suikerbekkies en BYE in 'n tyd waar daar amper niks anders beskikbaar is nie.

Gevollik: GOED vir mens en dier, NIE GOED as hulle buite beheer raak in die boer se weivelde nie!

Ek het ook gesien, dat van die plante se blare afgebyt of gehap is deur vee en/of wild; ek neem aan, teen inwendige parasiete of net om die algemene gesondheid te bevorder.

Inligtingsbronne: A Field Guide to the Aloes of Rhodesia (Oliver West)

Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)

Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)

Wild Flowers, Waterplants and Grasses of the Okavango Delta and Kalahari (Veronica Roodt)

People's Plants (Ben-Eric van Wyk, Nigel Gericke)

Guide to the Aloes of South Africa (Ben-Erik van Wyk, Gideon Smith)

Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

Teks en Fotos: Anka Eichhoff

Mei 2014, oorgedoen Augustus 2018